



# UITSTALLING EER MEISIES

**'N**UITSTALLING van die jaarlike Spring Queen-skoonheidskompetisie vir vrouewerkers in die klere- en tekstielbedryf open eersdaags in die Distrik Ses-museum.

Die stories agter duisende werkers se hoogtepunt van hul jaar word met foto's, video's, koorantukknipsels en rokke vertel. Werkessies oor die onderwerp word saam met die uitstalling aangebied.

Die uitstalling was eers by die Universiteit van Kaapstad. Die kurator, dr. Siona

O'Connell van die departement Afrika-studies, sê sy wil hê bevoorregtes wat klere sommer net koop, moet dink aan die storie agter elke item – die mense wat uit armoedige omstandighede kom en daardie artikels maak.

O'Connell se ouma en tante het ook in fabriek gewerk. Met haar navorsing het O'Connell talle voormalige Spring Queens ontmoet.



**MOOISTE:** Bianca Adams (middel) toe sy in 2007 as die Spring Queen gekroon is. Van links is Yandisa Ditu (mej. Persoonlikheid), Jeanine Jannicke (tweede prinses), Adams, Tania Adams (eerste prinses) en Naseeta George (beste kleredrag).

**GENIET DIT:** Jamie Battis, 'n deelnemer aan vanjaar se kompetisie. Foto's: PETER ABRAHAMS

## Spring Queens 'gee werkers hoop'

NICOLA DANIELS

Nicola.Daniels@son.co.za

O'Connell van die departement Afrika-studies, sê sy wil hê bevoorregtes wat klere sommer net koop, moet dink aan die storie agter elke item – die mense wat uit armoedige omstandighede kom en daardie artikels maak.

O'Connell se ouma en tante het ook in fabriek gewerk.

Met haar navorsing het O'Connell talle voormalige Spring Queens ontmoet.

"As ek aan Manenberg of Hanover Park dink, word ek kwaad oor hoe die regering ons teleurgestel het," sê sy.

O'Connell voel die Spring Queen-kompetisie is nie net 'n evenement vir 'n paar mense van die Kaapse Vlakte nie.

### Milaan

"Die hoop en drome van deelnemers lê in daai oomblik. Baie vorige deelnemers sê hulle het op daai oomblik op daai verhoog rellig vry gevoel."

Bianca Adams van Delft – 2007 se Spring Queen – sê kinders het agterna met nuwe oë na haar gekyk. "Dis asof hulle dink ek het op die loopplanke van Milaan geloop.

"Gewoonlik kyk mense neer op fabriekswerk, maar daai aand is al die aandag op jou en jy's opgedoen in 'n mooi rok. Die wenner kry 'n professionele photo shoot, so ja voel ongelooflik."

O'Connell sê na die onluste van 1976 het baie vroue in die fabrieksebeland sonder dat hulle 'n keuse gehad het.

"Die Kaapse Vlakte is 'n baie vaal plek en deur dié kompetisie kon hulle vir 'n oomblik daarvan onvlieg. Dis hoekom die vroue helderkleurige rokke en uitspattige haarsyle kies," meen sy.

**TROTS:** Die kurator van die Spring Queen-uitstalling, dr. Siona O'Connell. Foto: FACEBOOK

Jamie Battis, werker in die Southern Star-klerefabriek en vanjaar 'n deelnemer, sê: "Ek geniet die beste tyd van my lewe. Die senuwees is daar, maar dié geleenthede beteken so baie vir my. Om daar aand voor duisende mense op daai verhoog te loop en te wys waarvan jy gemaak is, en om te wys dat daar skoonheid in fabriekse is, is vir my 'n eer."

Fachmy Abrahams, organisasieerdeerder van Sactwu se jaarlike Spring Queen-kompetisie, sê dit word al die afgelope 36 jaar gehou. "Dis 'n viering van wat klerefabriekswerkers is en 'n viering van die aspirasies van vrouewerkers."

"Wanneer die wenners gekies word, maak ons dit duidelik aan die onafhanklike beoordelaars dat ons iemand soek wat die aspirasies van die werkers die beste verteenwoordig. Elke fabriekswerker is 'n koningin is haar eie reg."

### Gratis

Die uitstalling is van 1 tot 19 Desember en weer van 8 Januarie tot einde Februarie in die Distrik Ses-museum se Homecoming Centre te sien.

Die uitstalling is gratis, maar donasies is welkom. Vir meer inligting, kontak die Distrik Ses-museum by 021 466 7200.

## NASHUA MOBILE CAPE COBRAS VS CHEVROLET KNIGHTS



Sunday 18 November 2012 @ 10:00  
Boland Park, Paarl.

Adult: Grand Stand- R40, Grass- R30; Schüler: Grand Stand- R40, Grass- R20

**YOU'RE IN FOR MORE THAN A MATCH**



**dieson.mobi**  
Nou beskikbaar op jou selfoon



### Flooring Solutions

Quality at the right price

Trading hours: Mon. - Fri. 08:00 - 17:00 • Sat. 08:30 - 13:00

#### LAMINATED FLOORING



10 Year Guarantee  
Class 31

8.3mm

Direct to the public  
While stocks last  
Conditions apply


FROM  
**R39<sup>99</sup>/m<sup>2</sup>**  
(Excl VAT)

**ALL less  
30%**

PAROW

De La Rey Road • Parow Industria  
Next to BP Garage  
Cnr De La Rey & Modderdam  
021 934 2929

Venetian  
Wood  
Aluminium  
Bamboo  
Vertical  
Roller Blinds



BRACKENFELL  
4 Gemini Road • Brackenfell  
Off Old Paarl Road  
Next to Glasfit & Cape Boards  
021 982 8008

**Speak to us about installation!**